

KOMMUNIKAMMA 22 NOVEMBER 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK

HOSEA 12:7 "Wat jy moet doen, is om na jou God toe terug te keer: jy moet Hom liefhê en sy bevele gehoorsaam, jy moet jou hoop altyd op jou God vestig."

SAKE vir GEBED

- Dank die Here vir klein Emily wat hierdie week gebore is. Bid dat sy saam met Deon, Liesel en Olivia, die Here se liefde sal ervaar en dat sy vir hulle tot groot seën sal wees.
- Bid vir ons gesondheidswerkers wat met volharding omsien na ons geliefdes en mede-landsburgers. Bid dat hulle Sy ontferming en liefde voortdurend sal uitstraal.
- Loof die Here vir die reën wat die afgelope week op verskeie plekke in ons land geval het. Hou aan bid dat die damme en die droogtegeteisterde gebiede reën sal kry.
- Tree in vir President Ramaphosa. Bid dat hy ook sy hoop op God sal vestig en dat hy onderskeidingsvermoë sal ontvang vir sy taak.
- Bid dat elke gemeentelid wat verswak is, alleen voel en nie nou by hulle geliefdes kan wees nie, hulle hoop op God sal vestig. Dank die Here dat Hy Immanuel, God by ons, is vir almal.
- Dank die Here dat Hy die Goeie Herder is.... En dat Hy in die behoeftes van diegene wat emosionele, geestelike, materiële en fisiese nood ervaar, sal voorsien. Kom ons as gemeentelede vertrou Hom saam met hulle daarvoor.
- Bid vir Elsabè Pretorius en haar kinders Anlène, Arnu en Derick met die dood van Freek, haar man. Bid ook vir Annamarië Botha en haar kinders Leonie, Nico, André en Marius met die dood van haar man, Nic. Bid ook vir sy broer, Jurie Botha. Mag hulle troos vind in die enigste hoop wat ons het, naamlik die opstanding van Jesus Christus.
- Tree in vir die volgende gemeentelede wie almal sukkel met hulle gesondheid: Pierre Rootman, Giel Meyer, Peter en Joan Crous, Fred Vosloo, Conrad Pienaar se ma, Liesl Strydom se ma en Niekie Oosthuizen se pa, Carika van Heerden. Margita Marx en Rabie Scheepers. Ons vertrou Vader vir Sy aanraking en Sy teenwoordigheid soos wat hulle en hul geliefdes saam elke dag hul hoop op Christus vestig. Dank die Here vir van die mense met wie dit al beter gaan.
- Bid vir al die leerders en spesiaal ook ons matrieks wat tans eksamen skryf. Bid vir hulle by name: Ina Botes, Melissa Hamilton, Janè Nel, Dylan Opperman, Jean-Mari Muller, Linè Redpath, Linzi Scholtz, De-Leon Strydom, Chantenè van Biljon, Carika van Heerden, Rhenaldo Van Niekerk en Juan van Rooyen. Mag die Here hulle energie gee om te kan volhard en alles in te sit.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

In **Oman** kan Christene privaat en agter geslote deure die Evangelie met ongereddes deel. Bid dat hulle hierdie "oopdeur" sal benut, en nie 'n gees van vreesagtigheid sal hê nie.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag die kerkgebou tot 50% van die kapasiteit gevul word per erediens. Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi. <https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>.

Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Dit verseker jou van 'n plek in die erediens. Indien jy die vorm nie betyds voltooi nie, is jy steeds welkom om die vorm later, selfs Sondagoggend by die kerkgebou, te voltooi en die erediens by te woon.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 22 November

EREDIENS

09:00 Erediens

Deurdankoffer gaan die week vir **Kleinskool**

Die digitale erediens word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Maandag 23 November

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 24 November

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Aangeheg is 'n foto van Dinsdag 10 November se bydrae. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 18 Nov is reeds R 154 998.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons help 30 gesinne per week. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by die Asterlaan 16-pastorie afgelaai word. Skenkings kan ook erediens toe gebring word. U kan meer inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.



Woensdag 25 November

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

25-29 November: Dae van rou rakende die pandemie

Kom ons treur saam met met almal wat siek is en swaarkry ervaar. Laat toe dat die Here sy lig, liefde, troos, hoop en vrede deur jou laat vloei. En kom ons verenig in gebed. Elke keer as jy 'n vlag sien wat halfmas hang, bid vir hulle wat siek is, hulle wat geliefdes verloor het en almal wat op vele wyses deur die pandemie negatief beïnvloed is.

Bid vir al die gesondheidspersoneel in die voorste linies in die stryd.

Vrydag 27 November

MANNEGROEP

05:30 Skakel in by Zoom byeenkoms. Besonderhede sal op Kraggakamma Manne Whatsapp groep uitgestuur word. Kontak Elandré Bosch by 084 812 4645 indien jy nie op die groep is nie en ook wil inskakel. Alle manne welkom om saam te kuier.

Volgende Sondag, 29 November

09:00 Erediens. Die tema is: Jesus se kersfees wenslys.

12:00 Kraggakamma Eat-A-Lot

Ons voorlaaste Eat-A-Lot geleentheid vir 2020 belooft om nie teleur te stel nie.

Kies uit enige van die volgende potjiekos etes teen R40.00 per porsie:

Bees, Pasta en maalvleis, Beesstert, Afval, Lam, Hoender, Kerrie Hoender of Wildsvleis
En teen R10.00 ekstra kan jy heerlike gebakte nagereg ook huis toe neem.
Bespreek so gou as moontlik jou ete, deur die skakel te volg of vir Niekie te kontak.
<https://thanditechsolutions.co.za/ocart2/index.php?route=common/home>

Kraggakamma Pretdraf

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan die Pretdraf op Saterdag 7 November. Ons wens vir Charl Meistre geluk. Hy het die hoofprys van die gelukstreking gewen. Dit is 'n naweek vir 5 by die Willows. Ons hoop om volgende jaar weer so te maak!

TIENDEMAAND DANKOFFER

Ons Tiendemaand Dankoffer inkomste beloop reeds R 201 297. Ons staan in verwondering voor die Here en elkeen van sy kinders wat deur die jaar vir Kraggakamma Gemeente, ook finansiëel gedra het. En ons laat gehoorsaam, soos sy fontein, toe dat Sy sien deur ons vloei na die wêreld.

In die eerste 8 maande van die finansiële jaar het Hy deur ons as sy gemeente onder andere die volgende seën laat uitvloei: R157 207(Sending en Getuenis); R38 409(Diens van Barmhartigheid) en R13 361(Bybelgenootskap). Die inkomste vir die PE Noord Voedselprojek staan op R154 998.76 en meer as R100 000 hiervan is al gebruik vir die aankoop van voedsel.

DR DEON IS OP VERLOF

Deon is op verlof tot 13 Desember. Indien jy in hierdie tyd 'n dominee benodig, kontak asb met MG.

KRAGGAKAMMA EAT-A-LOT

Daar is GROOT opgewondenheid!!! Potjiekos, poeding, Kerrie en rys, Kerrie vetkoeke en pannekoek lê nog voor. Maar die grootste hiervan is om almal te laat voel hulle is deel van Christus se familie. Om mekaar weer te sien en deel te hê aan die vreugde as ons in Christus saam beweeg!

Dagboek Kraggakamma EatAlot datums en bestel op ons aanlynwinkel of by Niekie. As jy wil kom braai, bak of gesels kontak ons gerus. Kom ons gaan GROOT!!

Maak solank 'n aantekening van die laaste 2 datums, sodat jy nie uitmis op heerlike Kermiskos, soos net Kraggakamma Gemeente dit kan maak nie.

Sondag 29 November vanaf 12:00 – Potjiekos en Poeding

Vrydag 4 Desember vanaf 17:00 – Kerrie en Rys, Kerrievetkoek en Pannekoek

Dankie vir almal se betrokkenheid.

HUIS 8 VAN MTR SMIT KINDEROORD

Huis 8 se dogters bedank elkeen vir elk bydrae wat reeds ontvang is. Daar is nog die volgende behoeftes:

- Stoof (die huidige stoof se plate werk maar die oond is onherstelbaar)
- Wasmasjien
- Mop

Indien jy kan help of 'n bydrae wil lewer, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of die kerkkantoor.

DIE BYBEL 2020, 'n DIREKTE VERTALING IS BESIKBAAR

Hierdie nuwe vertaling word volgende Sondag amptelik bekendgestel en kan reeds by die Bybelgenootskap van Suid Afrika aankoop word.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|-------------|--|
| 22 November | MD van der Merwe en Hanré Vermaak |
| 23 November | Nicole le Roux, Cornelia Nel, Cecilia Nortjé en Contasha van der Merwe |
| 24 November | Gustel Agenbag, Luzaan Coetzer en Werner Els |
| 25 November | Marius Keyser en Joukje le Roux |
| 26 November | Ernie Deyzel, Lorraine Gouws, Clarise Moolman en Tanielle Moolman |
| 27 November | Theunis Coetzee, Amari Gouws, Claudette Nel en Zane van Niekerk |
| 28 November | Ellis Hedderwick, Nell Rossouw en Louise van Rhyn |



DANKOFFER

Die eerste 8 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

